PUBLISHED IN PARTNERSHIP WITH MULTI MINISTRIES

Challenge™

DIE GOEIE NUUS KOERANT

Uitgawe 139

za.challenge.news

NUWE JAAR NUWE LEWE



Robert, Grace en Esther Mponye

DEUR JANICE TEO

Desember 31, 1990. Terwyl almal in sy dorpie naby Kampala die koms van die nuwe jaar gevier het, was die Ugandees Robert Mponye, koorsig en bedlêend, seker daarvan dat hy dit nie self sou beleef nie.

Die 23-jarige was sedert Oktober ongesteld met 'n raaiselagtige siekte wat dokters nie kon identifiseer nie, wat nog te sê van behandel.

"Dit het sonder waarskuwing begin met pyn oor my hele liggaam," het Robert aan Challenge News vertel.

"Teen Desember was ek bedlêend en kon ek skaars beweeg."

Terwyl die gordyn gereed gemaak het om op 1990 te val, het Robert voorberei dat dit ook op hom sou val. "Ek het letterlik gevoel hoe my lewe uit my sypel," het hy gesê.

Robert het in 'n Christelike huis grootgeword. Hy was as kind dikwels in die kerk, maar op hoërskool het hy met die verkeerde groep deurmekaar geraak en by dwelms, drank, misdaad en vroue betrokke geraak. Op 19 het hy van die huis weggeloop en vir die volgende drie jaar alle kontak met sy familie verbreek.

Daardie lewe was egter nie so opwindend soos wat hy hom voorgestel het nie.

Trouens, dit was so moeilik dat hy huis toe teruggekeer het.

"Ek was so verlig dat my familie my terug verwelkom het. My pa het gehuil toe hy my sien," het Robert gesê.

Hy het sy studies om 'n onderwyser te word, hervat. In September 1990, in sy tweede jaar op universiteit, het sy raaiselagtige siekte begin.

Twee maande later het Robert homself op sy sterfbed bevind waar hy gebid het: "God, ek weet ek gaan sterf, asseblief, moenie my hel toe stuur nie."

Die wonderwerk het binne sekondes gebeur. 'n Skielike warmte in sy ledemate. 'n Vloed van energie.

Tot sy verbasing het krag na sy liggaam teruggekeer.

Twee minute nadat hy gebid het, het hy uit die bed gespring en na sy pa se slaapkamer gehardloop. "Pa, ek is genees!" het hy geskree.

Sy ouers het in ongeloof na hom gestaar. Tien minute vroeër was hul seun besig om te sterf; nou het hy sterk en glimlaggend voor hulle gestaan.

Die volgende oggend – Nuwejaarsdag 1991 en ook Robert se 24ste verjaardag – het Robert saam met sy pa na die plaaslike kerk gestap waar hy sy lewe aan Christus gegee het.

"Daardie dag het God my 'n nuwe lewe gegee. Ek is waarlik wedergebore," het hy getuig.

Nadat hy gegradueer het, het Robert vir leiding gebid. "Ek het vir God gesê, ek wil nie net 'n werk hê nie – ek wil gaan waar ek U kan verheerlik."

Hy het vir drie dae gevas en gebid. Op die derde dag het hy aangevoel hoe God deur Jesaja 55:5 praat: "Nasies wat jy nie ken nie, sal na jou toe hardloop."

'n Vriend het hom vertel van 'n onderwyspos in die klein Ugandese dorpie Mityana. Robert het dit aanvaar en dien sedertdien daar.

Hy het later met Esther, 'n mede-onderwyser, getrou en die paartjie het gou 'n dogter, Jemima, verwelkom.

Robert was tevrede om sy gesin te versorg, by die plaaslike skool te werk en preekgeleenthede in nabygeleë dorpe te aanvaar.

Hy het geen idee gehad wat op die punt was om te gebeur nie.

In 2004, terwyl hy weg was om te preek, het sy vrou hom gebel.

Sy het hom vertel dat plaaslike inwoners 'n pasgebore baba gevind het wat in 'n latrineput gegooi is en haar na die hospitaal gebring het.

Toegedraai in 'n plastieksak en na 'n val van ongeveer 9 meter, moes sy nie oorleef het nie.

Tog het sy. Wie sou haar egter aanneem en versorg?

● Blaai om na bladsy 2



Die gewoonte wat genees

ELKE JANUARIE MAAK ons beloftes aan onsself – eet beter, werk slimmer, spaar meer, stres minder.

Ons koop nuwe dagboeke en probeer wat verlede jaar ook al na ons kant toe gegooi is, afskud.

As ons eerlik is, sleep die meeste van ons een ding saam in die nuwe jaar in, of ons wil of nie: dit is pyn.

Dit mag dalk iets kleins wees wat ons nooit hanteer het nie, of iets groots wat ons geleer het om soos 'n swaar rugsak saam te dra.

VOORRAAD FOTO

'n Vriendskap wat versuur het. 'n Familiewond. Iemand wat ons vertroue geskend het, of selfs spyt oor verkeerde keuses wat ons self gemaak het.

Ons vertel onsself ons het aanbeweeg – maar 'n deel van ons weet ons het nie.

Waarom vergifnis belangrik is:

Vergifnis is een van daardie dinge wat ons in ander mense bewonder, maar self sukkel om toe te pas.

Dit voel te veel gevra, te onregverdig, te kwesbaar. Tog herhaal navorsing aanhoudend dieselfde feit: om wrokke te koester affekteer ons meer as die persoon wat ons seergemaak het.

Dit vreet aan ons emosionele gesondheid en benadeel selfs ons fisiese welstand. Vergifnis is nie om te maak asof dinge nie gebeur het nie. Dit is nie om enigiets te verskoon nie. Dit is bloot om te besluit dat die wond nie meer in beheer oor jou gaan hê nie. Dis harde werk. Maar dit is ook bevrydend. 'n Nuwe jaar is net so 'n goeie tyd soos enige ander om daaroor na te dink.

Die mees radikale daad van vergifnis in die geskiedenis

Ongeag jou oortuigings, is dit moeilik om die impak van Jesus se woorde aan die kruis te ignoreer: "Vader, vergeef hulle."

Hy het nie van Sy vriende gepraat nie. Hy het gepraat van die einste mense wat Hom op daardie oomblik verwerp, bespot en gekruisig het.

Dit is moeilik om enigiets anders groter as hierdie daad van Jesus in die geskiedenis te vind – iemand wat ander vergewe op presies die oomblik wat hulle onreg aangedoen word. Maar hulle was nie die enigste mense wat Hy aan die kruis vergewe het nie.

Efesiërs 1:7 stel dit: "Deur die bloed van sy Seun [Jesus] is ons verlos en is ons oortredinge vergewe kragtens die ryke genade van God."

● Blaai om na bladsy 2

Die dag toe hoop opgedaag het

VOORRAAD FOTO

Twaalf jaar gelede was die Suid-Afrikaner Vivian Makhanya “ ‘n wandelende lyk”.

Die geskeide vrou, wat toe 51 was, het hard gewerk by die 2019 Wêreldbeker wat daardie jaar in Suid-Afrika gehou is.

Die werk het sy tol op haar geëis en haar bloeddruk het die hoogte ingeskiet.

In Maart die volgende jaar is sy in die hospitaal opgeneem met stadium vyf nierversaking en het die volgende paar jaar spandeer om drie keer per week dialise te kry.

So moeilik as wat daardie tyd was, sê Vivian sy is deur haar geloof in God gedra.

Op 23 jarige ouderdom het sy haar lewe aan Jesus Christus toegewy, nadat sy die Evangelie (die goeie nuus dat Jesus aarde toe gekom het om vir ons sondes te sterf) by die skool in ’n preek gehoor het.

“Jesus het gesê ons sal vrede in Hom hê selfs al gaan ons deur uitdagings. Romeine 8:31 sê: ‘As God vir ons is, wie kan teen ons wees?”

Vivian sê voordat sy ‘n Christen geword het, het sy nie net met haar fisiese gesondheid gesukkel nie; sy sê sy was “vol woede, jaloesie, onvergewensgesindheid en vrees. Ek het ook ‘n lae selfbeeld gehad en aan ‘n minderwaardigheidskompleks gely.”

> **“Ek was gevul met liefde en my gedagtes was vernuwe.”**

Nadat sy haar lewe aan Christus toegewy het, sê sy egter, het haar hardheid van hart en vrese verdwyn. “Ek was gevul met liefde en my verstand was vernuwe. Die beste deel daarvan om ‘n Christen te wees, is om gehoorsaam te wees aan God se Woord en dit te oordink. Om beskikbaar te wees om vir Sy doel gebruik te word.”

Haar gesondheidsprobleme het tot ‘n einde gekom in Maart 2019 toe sy ‘n skenker-nier ontvang het.

“Nou, deur God se genade, is ek gesond en sterk. Ek wil graag vir ander sê dat hulle hul moet bekeer en Jesus Christus as hul Here en Verlosser moet aanneem.” •

NUWE JAAR NUWE LEWE

● Vanaf bladsy 1

Robert en Esther was bekend in die dorp daarvoor dat hulle arm of verlate kinders inneem en help en hulle gratis opvoed.

Dit was na Esther toe wat die hospitaalpersoneel natuurlik uitgereik het. “My vrou het vir my gesê: ‘Ek glo dat God wil hê ons moet hierdie baba by ons inneem’. So ons het haar ingeneem en haar Grace genoem.”

Grace het ernstige gesondheidsprobleme gehad.

Haar oë, weggevreet deur maaiers terwyl sy in die put was, was toegeswel. Dit het vyf groot operasies geneem voordat sy ‘n jaar oud was om hulle chirurgies oop te maak.

Oop ja, maar sigloos; Grace was heeltemal blind.

En toe, nog ‘n wonderwerk.

Toe Grace ongeveer 18 maande oud was, was die gesin by die kerk toe die kleuter skielik op haar eie begin loop het, sonder om iemand se hand vas te hou, soos sy gewoonlik gedoen het.

Terwyl Robert en Esther kyk hoe sy sonder hulp tussen die stoele en tafels deur beweeg, het hulle skielik besef dat sy kan sien!

“God het Grace onder daardie diens genees. Ons het gedans, ons het gehuil, ons het God geprys!” Daardie wonderwerk het alles verander. “Een aand het my vrou gesê: ‘God gaan nog meer kinders soos Grace na ons toe bring’,” het Robert onthou.

“Ek het gespot ‘Ek dink een Grace is genoeg.’ Maar dit was God se plan.”

In die daaropvolgende maande het meer kinders by Robert en Esther se deur opgedaag – weeskinders, verlate babas, dié wie se ouers oorlede is of nie skoolgeld kon bekostig nie.

Grace, ‘n lewende wonderwerk.

Robert en Esther het hierdie kinders self in hul huis gratis onderrig en versorg.

Wat met ‘n handjievol leerlinge begin het, het gou King’s Kid Ministries geword, amptelik op 13 Februarie 2005 gestig.

Vandag sorg die bediening vir meer as 350 kinders en word van voedsel, klere, onderwys en beroepsopleiding voorsien.

Befondsing is dikwels knap, maar die Mponyes het gewerk om die projek selfonderhoudend te maak. Hulle het ‘n bruidsalon, ‘n bakkery, ‘n spysenieringsdiens, rekenaaropleiding en mees onlangs ‘n mieliemeelmeule geopen wat beide die skool en die breër gemeenskap bedien.

Robert vergeet nooit waar sy storie begin het nie – op sy sterfbed, waar hy na asem gesnak het en God om genade gesmeek het. Hy weet wat dit beteken om ‘n tweede kans gegun te word – en hy is vasbeslote om dieselfde vir ander te gee.

“Hy het vir Grace en my uit die put gered. Hy doen vandag steeds dieselfde vir baie ander.” •

Vra hoekom:

Peter Meadows beantwoord jou vrae oor God.

Vraag: Dit maak sekerlik nie saak wat ek glo nie, solank ek net glo?

EINTLIK IS DAAR dalk geen groter kwessie as dit waarin ons glo nie. Dis hoe dit in die lewe is, so hoekom sou dit enigsins anders wees wanneer dit by ons verhouding met God kom?

As voorbeeld word die volgende gebruik: jy staan op die punt om uit ‘n vliegtuig te spring om ‘n geborgde valskermsprong te doen.

Jy het die opleiding gedoen, verstaan die tegnieke van die sprong en glo ook asook dat die fisika van die oopmaak van die valskerms sal jou nie in die steek laat nie – behalwe om jou sagkens neer te laat. Jy is vry om jou eie valskerm te kies – die een waarin jy ‘glo’. Daar is drie opsies.

Een het bloedvlekke aan die buitekant en ‘n etiket wat sê: “Tweedehands – een ongelukkige eienaar.” Die volgende een het ‘n nota wat sê: “Gepak deur onervare mense om fondse in te samel.”

Die derde is in die hande van jou hoogs ervare instrukteur – hy het dit self gepak en alles dubbel gekontroleer.

Watter een kies jy? Ek het so gedink. Want dit is waarin ons glo wat saak maak – nie hoeveel geloof ons het of selfs of ons enigsins geloof het nie.

‘n Klein bietjie geloof in die regte valskerm is nooit die moeite werd om mee te onderhandel vir ‘n oorweldigende geloof in die verkeerde een nie.

Om dit anders te stel, die feit dat jy glo die bus waarop jy is sal jou na jou tuisdorp neem, is van geen nut as die regte bestemming op ‘n heel ander plek is nie.

Jou geloof, hoe opreg ook al of hoeveel ander mense met jou saamstem of nie, gaan niks verander nie, nie vir jou of vir die bus nie. Dit is nie die feit dat ons ‘n geloof mag hê nie, hoe opreg ook al, maar waarin daardie geloof is, wat werklik van belang is.

Daarom, as ons aanneem jy wil hê jou geloof/vertroue moet jou lei na ‘n hegte verhouding met die God wat jou gemaak het, waarin of in wie moet daardie geloof wees?

Die antwoord moet wees: “In die een wat my daar sal kry.”

Dit moet Jesus wees. Dis die rede waarom Hy aan die kruis gesterf het – om vir jou vergifnis by God en Sy begeleiding vir ewig aan te bied, as jy Hom sal vertrou/in Hom sal glo.

Maar, natuurlik, om ‘oor’ te glo en om ‘in te glo (te vertrou)’ is twee baie verskillende dinge.

Dit is soos iemand wie se hande en gesig met vuilheid en roet besmeer is wat sê: “Ek glo in seep.”

Vra wat hulle bedoel en hulle sê: “Wel, ek glo seep is ‘n goeie ding en moet waardeer word. Ek glo seep het ‘n groot verskil in wêreldgeskiedenis gemaak.

Ek glo seep het baie om te bied. Ek glo seep sou my skoonmaak as ek dit sou gebruik.”

Op dieselfde manier, wat Jesus betref, vra Hy ons nie bloot om die voortreflikheid van Sy lewe of die kwaliteit van Sy woorde te bewonder nie.

Hy vra ons eerder om aktief te glo deur in Sy dood aan die kruis te vertrou om in ons lewens te werk – deur geloof. •

Peter Meadows is die mede-outeur saam met Joseph Steinberg van The Book of Y, die basis vir die agt-week Y-kursus wat die lewe se grootste vrae ondersoek.

Die gewoonte wat genees

● Vanaf bladsy 1

Sonde is enigiets wat ons dink, sê of doen wat teen God se weg indruis. Dit skei ons van Hom en beskadig ons verhoudings met ander en onsself.

Jesus se dood aan die kruis beteken ons kan vir alles vergewe word wanneer ons in geloof na Hom draai en ons bekeer [wegdraai van sonde].

Soos dit in 1 Johannes 1:9 staan: “As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.”

Dis die soort vryheid wat ons nie op ons eie kan vervaardig nie.

Begin die jaar reg

Miskien is daar iemand wat jy hierdie jaar moet vergewe. Markus 11:25 sê: “En wanneer julle staan om te bid, vergeef as julle iets teen iemand het, sodat julle Vader wat in die hemele is, ook julle oortredinge mag vergewe.”

Miskien is daar iemand van wie jy vergifnis moet vra. Miskien is die persoon wat jy moet vergewe, jyself. Hoe sou dit voel om die jaar met ‘n skoon lei te begin?

Jesus se daad van vergifnis is nie net ‘n historiese oomblik nie – dit is ‘n persoonlike uitnodiging.

‘n Kans om ‘n skoon bladsy te ontvang wat dieper as nuwejaarsvoornemene is .

‘n Uitnodiging

As jy gereed is om op ‘n dieper vlak nuut te begin – nie net met nuwe roetines nie, maar met ‘n nuwe hart – is hierdie Nuwe Jaar die tyd om na Jesus te draai en die vergifnis te ontvang wat Hy vir jou sondes bied. Vir meer inligting oor hoe om dit te doen, blaai na bladsy 7 en kyk na die blokkie getiteld, Hoe word ek ‘n Christen. •

Coffee Break

CROSSWORD & SUDOKU

ACROSS

1 Plumbing
4 Blacksmith’s block
7 Ashes holder
8 Daughter of a sister
10 Racket
12 Glass container with a neck
13 Bro’s sibling
15 City in Alaska
18 Terrific tennis serve
20 Opposite of days
22 Pain (slang)
23 To disprove a point
25 University, abbr.
26 Military trainee
27 Wash oneself

DOWN

1 Comic-strip frame
2 Chart type
3 Seek damages
4 Pyrenean country
5 Classic, antique
6 Flax fabric
9 Stylish
11 Easy does __!
13 Caught
14 Athletic throwing event
16 Adolescent skin concern
17 Bit of high jinks
19 Wood shaping tool
21 A casual hello
23 Tease in a good-natured way
24 Cave dweller



SOLUTIONS PAGE 7

Smile files...

gettyimages

			9			4	7	
					5		2	
			2	1		5		8
	1	8					3	5
		9				7		
5	7					8	4	
6		4		2	7			
	8		4					
	9	1			3			

GERED VAN VERWOESTING

Die diep trauma in Johannes C. Wolfaardt se lewe het begin nog voordat hy gebore is. Toe sy ma met hom swanger geraak het, het sy pa haar gedwing om twee aborsies te ondergaan.

Sy het daarmee deurgegaan – maar Johannes het oorleef.

"Toe my pa dit uitvind, het hy weer probeer. Hy het my ma in 'n woedebui in die maag geslaan. Sy het my vertel ek het vir drie dae nie beweeg nie. Toe het ek weer begin beweeg – sy het geweet dat ek nog lewe."

Johannes is op 19 November 1984 gebore wat in daardie tyd die Transvaal provinsie genoem is.

Toe hy twee was, het sy ma geloop – nie in staat om die mishandeling langer te verduur nie.

Teen die ouderdom van vier is hy gereeld deur sy pa geslaan.

"Die enigste dag wat hy my nie geslaan het nie, was Sondag. Hy het gesê dit is God se dag. 'n Dag van rus."

Johannes het in 'n mynwerkershuis in Virginia in die Vrystaat gewoon en elke dag sewe kilometer skool toe gestap.

Op ses het dinge verder eskaleer.

Eendag, nadat hy versuim het om 'n vrou in hul huis te groet, het sy pa woedend geraak.

Hy het 'n hamer na Johannes gegooi en hom teen sy skouer getref.

"Hy het my geskop, my aan die nek gegryp en my gewurg. Gesê hy sal my maniere leer."

Johannes het gebreekte ribbes en uitgebreide kneusplekke opgedoen. Hy het die volgende dag met lang klere skool toe gegaan om sy beserings te bedek, maar 'n onderwyser het dit opgemerk.

"My hand was geswel. Ek kon dit nie beweeg nie. Toe die onderwyser aan my skouer raak, het ek ineengetrek. Sy het gevra wat gebeur het en ek het haar vertel."

Die polisie is ontbied en 'n span beamptes het hom huis toe geneem om sy goed bymekaar te maak.

"My pa het gehuil toe hulle my wegneem. Ek weet steeds nie hoekom nie."

Hy is in die pleegsorgstelsel geplaas, maar wat gevolg het, was meer lyding. By een pleeghuis, toe hy net sewe jaar oud was, is hy op 'n koue winteraand na die sitkamer geroep.

"Hulle het gesê diere word nie in hul huis toegelaat nie. Ek was verward – hulle het 'n hond gehad, maar sy het buite geslaap. Dis toe wat die vrou gesê het: 'Jy is die dier.'"

Johannes is buite vasgeketting en gedwing om vir drie maande as 'n "dier" te lewe.

"Jy sal hier woon. Jy is nie 'n mens nie. Jy is 'n dier en jy sal soos een lewe."

'n Maatskaplike werker het uiteindelik die mishandeling ontdek en hy is weer geskuif – en weer.

Sommige plekke was veiliger, ander nie. Johannes is herhaaldelik dwarsdeur sy kinderjare verkrag, gemolesteer en mishandel.

Op 10 jarige ouderdom, terwyl hy in Reddersburg gewoon het, het Johannes vir die eerste keer selfdood probeer pleeg.

Alhoewel hy van Jesus gehoor het, het hy nie in Hom geglo nie.

"Te veel mense wat beweer het dat hulle Christus volg, het my seergemaak," het hy gesê.

Hy het vroeg in sy lewe dwelms begin gebruik en begin rook en het uiteindelik daaraan verslaaf geraak.

Op 18 het hy weer kontak gemaak met sy ma, 'n hereniging wat daartoe gelei het dat hy jare later weer by haar huis gaan woon het.

In 2015 het sy hom iets onverwags vertel. "Seun, ek moet met jou praat," het sy gesê.

Sy het erken dat sy vyf epileptiese aanvalle gehad het, bely dat sy nie 'n goeie ma was nie, en het hom om sy vergifnis gevra.

"God het my die krag gegee om haar te vergewe. Ek het vir haar gesê om te gaan stort, dan sou ons verder gesels."

Terwyl hy besig was om te kook, het Johannes 'n harde slag gehoor. Sy ma was agter die deur en het nie gereageer nie.

'n Familielid het die deur afgebreek.

"Sy het daar gelê. Gesig blou. Sy het nie asemgehaal nie."

Johannes en sy halfbroer het CPR toegepas. Vir 'n kort oomblik het hy haar hoor fluister: "Ek is lief vir jou."

Toe is sy oorlede.

Haar dood het hom in 'n dieper duisternis ingedwing. Hy het in depressie, alkoholisme en dwelmmisbruik verval.

Hy het vir ses maande op straat gewoon en 36 keer selfdood probeer pleeg.

"Op 15 Julie 2021 het ek genoeg gehad. My been was gebreek. My baas was korrup en ek het onsigbaar gevoel. Ek het 'n handvol pille en vodka geneem."

Hy is bewusteloos gevind en na die hospitaal gehaas. Daar het sy hart gaan staan.

"Ek het nie lig gesien nie. Ek het duisternis gesien. Dik, swaar duisternis. Ek het dit op my vel gevoel. Ek het hekke gesien – maar nie die hemel se hekke nie. Die hel s'n. Ek het gille gehoor, marteling. Ek het geweet ek gaan soontoe."

Op daardie oomblik het Johannes – tot toe 'n ateïs – na Jesus geroep.

"Drie keer het ek Hom geroep. Hy het gekom."

Hy het oorleef. Nadat hy in die hospitaal wakker geword het, het Johannes sy geestelike mentor gekontak en gevra om op sy plaas te bly.

Daar het alles begin verander. Dit was op daardie plaas wat hy Jesus Christus ontmoet het deur die proses van selfvergifnis en genesing.

Hy het ook vir Annelle ontmoet, wat op 23 Januarie 2022 sy vrou geword het. "Annelle bid voortdurend. Sy het saam met my deur elke tree van genesing gestap. Ek het berading ontvang. Die littekens is steeds daar – maar dit maak nie meer seer om daaroor te praat nie."



Struggling Stains, die boek wat Johannes oor sy lewe geskryf het.

Johannes glo dat die Heilige Gees Annelle gebruik het om hom aan te moedig om sy storie te vertel.

Saam het hulle Struggling Stains geskryf, 'n rou en verlossende verhaal van oorlewing en genade.

"God gebruik my storie om vir ander te wys – maak nie saak hoe hopeloos dit lyk nie, daar is altyd hoop. Niks op aarde kan God se plan vir jou lewe stop nie. Elke dag is 'n stap nader aan genesing."

Vandag is Johannes 'n motiveringspreker en skrywer, en bied raad vir enige iemand wat trauma ervaar het:

- Moenie dit binnehou nie.
- Praat oor wat jy voel.
- Skryf dit neer as niemand in die omtrek is nie.
- Bly naby mense wat jou opbou.
- Wees rondom mense wat luister – en wat jou na Jesus lei.

Johannes se boek is beskikbaar by nskrywershuis.co.za/product/struggling-stains. Die boek word nou vir die verhoog verwerk en sal sy debuut in Bloemfontein maak. •

Johannes C. Wolfaardt

Nuwe rigting vir 'n nuwe jaar

Nicole Meyer het in Middelburg grootgeword as die jongste van vier susters, in 'n huis wat sy met dankbaarheid beskryf.

"Ek het 'n goeie kinderlewe gehad. Ek het in 'n baie liefdevolle huis grootgeword en ons almal is baie na aan mekaar," het sy gesê.

Haar ouer susters het hul pa verloor toe hulle jonk was en haar ma het later weer getrou en toe vir Nicole gehad. Tog selfs in daardie liefdevolle kinderjare het iets gebeur wat sy jare lank stilletjies saamgedra het.

Toe sy ses was, is sy gemolesteer deur 'n seun wat na skool na haar huis toe gekom het.

"Ek kan nie regtig onthou hoe dit begin het nie," het sy gesê, "maar al wat ek onthou is dat ek dit op 'n stadium toegelaat het om te gebeur. Vir 'n lang tyd het ek myself verwyt omdat ek hom nie geweier het nie."

Dit het haar jare geneem om die waarheid te besef: "Dis eers nou dat ek dit verwerk het en besef het dat dit nie my skuld was nie." Toe seuns haar in haar tienerjare begin raaksien het, het sy gevlei gevoel deur die aandag.

"Om eerlik te wees, het ek van die aandag gehou," het sy erken. Teen die einde van graad 11 en dwarsdeur graad 12 het sy in 'n siklus van drankmisbruik en die gesoen van seuns verval.

Een Oujaarsaand het 'n bepalende oomblik in haar lewe geword. Sy het huis toe gegaan saam met 'n ou wat sy skaars geken het.

"Ons het gevry, maar ek onthou hoe onveilig ek gevoel het."

Oppad huis toe die volgende oggend het ek 'n keerpunt beleef. "Ek het besef dat dit nie is wie ek is nie," het sy gesê. Iets in haar het geweet sy het verandering nodig. Sy het bande verbreek met ouens wat nie ernstig was nie en opgehou drink met die doel om dronk te word. Maar sy wou nie net iets stop nie.

Sy wou haar lewe herbou. Sy het aanlyn gesoek vir 'n "vind jouself kamp" en op die Target Life webwerf afgekom.

"Ek het nie baie navorsing daaroor gedoen nie, ek het net gevoel dit was wat ek wou doen." Sy het geregistreer en 'n jaar van herstel begin. Target Life het haar iets gegee wat sy nie verwag het nie: duidelikheid oor geloof en identiteit.

"Dit was die eerste keer dat iemand vir my verduidelik het hoe 'n verhouding met God lyk. Ek het Jesus altyd geken, maar ek het nooit geweet ek kan 'n verhouding met Hom hê nie. Vir my was Christenskap meer 'n godsdiens as 'n verhouding."

Soos die maande verbygegaan het, het sy daardie verhouding vir haarself begin nastreef. Op 29 September 2024 het iets binne haar verander. Nicole het beskryf hoe sy haar lewe aan God oorgegee het met hierdie eenvoudige maar diepgaande woorde: "Nadat ek my hart vir die Here gegee het, het ek vry gevoel."

Die skuldgevoel, skaamte en verwarring wat sy sedert haar kinderjare gedra het, het hul greep begin verloor.

Nicole Meyer

Aanvanklik was dit vir Nicole moeilik om Jesus se offer te aanvaar.

"Dit was vir my nogal moeilik om te glo dat dit nie saakmaak hoe droog ek gemaak het nie, God het my steeds lief en Hy aanvaar my soos ek is."

Sy het egter gesê: "Ek weet my sondes is vergewe want Jesus het aan die kruis vir my gesterf. Elke dag probeer ek om 'n bietjie meer soos Jesus te wees."

Om 'n nuwe rigting te kies het nie sonder opoffering gekom nie. "Een van die grootste uitdagings was om al my vriende te verloor," het sy gesê. Toe sy nie meer wou partytjie hou of drink nie, het die uitnodigings ook opgehou.

> **"Ek het besef dit is nie wie ek is nie."**

Dit het seergemaak – maar dit het ook die deur na iets gesonder oopgemaak.

"'n Groot uitdaging vir my was om werklik te glo dat daar buite mense is wat regtig omgee en jou liefhet, mense wat enigiets sal doen om jou te help."

Stadigaan het sy daardie mense gevind. "Met God-vresende vriende en 'n goeie gemeenskap van mense wat jou na die Here toe lei... kan jy enige uitdaging met selfvertroue aanvaar en oorkom."

Sy het ook aanvaarding, waaraan sy lank getwyfel het, ervaar. Vandag is Nicole 20, woon in Pretoria, dien as 'n Target Life-leier en leef haar geloof met groeiende selfvertroue uit. Haar gunstelingvers is Psalm 56:4 – "Die dag as ek bang word, vertrou ek net op U" – vang haar reis van vrees na vertroue, van gebrokenheid na genesing vas. •

As u deur hierdie koerant geseën word, oorweeg dit asseblief om by hierdie bediening betrokke te raak deur:

a) Vertel ons wat hierdie koerant vir u beteken het.
b) Stuur vir ons u getuienis van verlossing. Stuur 'n epos na sachallengenews@gmail.com vir meer inligting.
c) Oorweeg dit asseblief om hierdie koerant te borg en te versprei om ander te bereik.

Stuur asseblief 'n e-pos na: sachallengenews@gmail.com of besoek www.challenge.news/donate/

English translation

Purpose at rock bottom

Abraham Mbuthi's life was filled with drugs, alcohol, smoking and sex. As a young boy growing up in Nairobi, Kenya, Abraham was shy and quiet, and he struggled to express himself.

"When I was in school, I faced challenges due to the fact that I wasn't a bright student," he tells Challenge News.

"In primary school and high school, I began smoking and abusing drugs like marijuana."

By the time he entered college, drugs and alcohol became a lifestyle. He was even abusing miraa, a type of medicinal drug.

In 2006, Abraham moved to South Africa after years of addiction, depression and hopelessness to start a new life.

"I began to live with Christian men from the same country. I liked the way they were living and so I attended their church on a Sunday morning and heard the pastor preach about salvation."

Abraham heard the Gospel – that that Jesus Christ, through His death and resurrection, paid for our sins, offering forgiveness and eternal life.

"When I went home, his sermon remained in my head. One particular day I began to cry and I prayed for forgiveness. The following Sunday, I responded to the call to receive Jesus in my life. But I fell back into my former lifestyle and continued to drink and abuse drugs," he admits. Abraham continued struggling for many years until he hit rock bottom.

"In 2017, I decided to give my life back to Jesus Christ.

"It hasn't been easy, but I thank God that He has been gracious, merciful and forgiving and gave me a peace of mind.

"I have found purpose and meaning in life."

Abraham is now a student studying to be a missionary and serve God. He hopes to travel around Africa and share with everyone, especially young people, about the love of God and the dangers of drug addiction.

His favourite verse is 1 John 4:14: "And we have seen and testify that the Father has sent the Son as Saviour of the world."

"Jesus is able to change your life from negative to positive," Abraham attests. "He can transform your life." •



Abraham Mbuthi

Afrikaans translation

Lewensdoel by 'n laagtepunt ontdek

Abraham Mbuthi se lewe was gevul met dwelms, alkohol, rook en rondslaap.

As 'n jong seun wat in Nairobi, Kenia, grootgeword het, was Abraham skaam en stil, en hy het gesukkel om homself uit te druk.

"Toe ek op skool was, het ek uitdagings in die gesig gestaar as gevolg van die feit dat ek nie 'n slim student was nie," vertel hy aan Challenge News.

"Op laerskool en hoërskool het ek begin rook en dwelms soos dagga misbruik."

Teen die tyd dat hy kollege toe is, het dwelms en alkohol 'n leefstyl geword.

Hy het selfs miraa, 'n soort medisinale dwelm, misbruik.

In 2006 het Abraham na jare van verslawing, depressie en hopeloosheid na Suid-Afrika verhuis om 'n nuwe lewe te begin.

"Ek het saam met Christenmans van dieselfde land begin woon. Ek het gehou van die manier waarop hulle geleef het en het dus hul kerk op 'n Sondag-oggend bygewoon en gehoor hoe die pastoor oor verlossing preek."

Abraham het die Evangelie gehoor – dat Jesus Christus, deur Sy dood en opstanding, vir ons sondes betaal het, vergifnis vir ons sonde en die ewige lewe bied.

"Toe ek huis toe gaan, het sy preek in my kop gebly."

"Op 'n spesifieke dag het ek begin huil en om vergifnis gebid. Die volgende Sondag het ek gereageer op die oproep om Jesus in my lewe te ontvang.

> **"Ek het die doel en betekenis van die lewe gevind."**

"Maar ek het teruggeval in my vorige leefstyl en voortgegaan om te drink en dwelms te misbruik," erken hy.

Abraham het vir baie jare aangehou sukkel totdat hy 'n laagtepunt bereik het.

"In 2017 het ek besluit om my lewe weer terug te gee aan Jesus Christus.

"Dit was nie maklik nie, maar ek dank God dat Hy genadig, barmhartig en vergewensgesind was en vir my gemoedsrus gegee het.

"Ek het die doel en betekenis van die lewe gevind."

Abraham is nou 'n student wat studeer om 'n sendeling te wees en God te dien.

Hy hoop om in Afrika rond te reis en met almal, veral jongmense, die blye boodskap van God se liefde te vertel en die gevare van dwelmverslawing te beklemtoon.

Sy gunstelingvers is 1 Johannes 4:14: "En ons het gesien en ons getuig dat die Vader die Seun gestuur het as Verlosser van die wêreld."

"Jesus is in staat om jou lewe van negatief na positief te verander," getuig Abraham. "Hy kan jou lewe verander." •

Afrikaanstranslation

SY HET 'N NUWE PA GEVIND

Naomi Chibwe onthou hoe sy, nadat haar pa onverwags oorlede is, in 'n donker plek verval het vol woede en leuens.

Naomi sê "Ek het myself begin afvra hoe so 'n ding met my kon gebeur." Toe, op 'n dag, het sy 'n hemelse Vader ontdek wat haar nóóit sou verlaat nie.

"My kinderdae was volmaak", vertel sy. "Ek het saam met beide my ouers geleef en albei was Christene – dit het goed gegaan."

Naomi was reeds op 'n jong ouderdom lief vir sang en het in die kerkkoor begin sing.

"Ek het begin leer van die Here se dinge" sê sy.

"Die eerste keer wat ek van God gehoor het, was deur my moeder. Sy het probeer om my van die Woord van God te leer, Wie God is en hoe om 'n kind van God te word."

Toe, op 'n dag, het Naomi die nuus ontvang dat haar pa oorlede is.

"Ek wou dit nie aanvaar of glo nie," onthou sy. "God het my pa weggeneem en ek het niemand anders gehad om 'my vader' te noem nie."

Naomi was kwaad oor wat gebeur het. "My lewe was waardeloos," het sy gevoel. "Ek het sommer maar net geleef sonder die wete dat daar 'n God oor alle dinge is en Wie wag hou oor alle dinge."

Toe, in 2002, het Naomi na 'n kerkkonferensie gegaan waar sy die Evangelie [Die Goeie Nuus van Jesus wat ons red van ons sondes] op 'n duidelike en oortuigende manier gehoor het.

"Ek het besluit om 'n Christen te word weens die liefde van Christus en wat Hy vir my gedoen het deur vir my sondes te sterf aan die kruis op Golgota. Jesus het my vrygemaak sodat ek 'n nuwe mens in Hom kon word."

Naomi het Jesus as Here en Saligmaker aangeneem en "Hy het al my sondes uitgevee en ek het 'n kind van God geword."



Naomi Chibwe

Vinnig het sy besef dat, in die koninkryk van God, is daar geen dinge meer soos lieg en woede nie." Nadat sy hierdie dinge aan die Here oorgegee het, het Naomi " 'n kalmte van gemoed, wetende dat ek 'n Vader het Wie oor alles is. Hy neem volle beheer van my lewe en alles verloop goed omdat Hy al my gebede beantwoord. Jesus Christus is my Vader en my Beste Vriend."

"Die beste deel van Christen-wees is dat álles wat ons nodig het, is in die hande van God en Hy vervul ál Sy planne vir ons. Hy ken ons by die naam. Ons is nie per ongeluk gebore nie. Hy het 'n plan met ons álmal."

Aan andere wat soekende is na die waarheid, sê Naomi: "Ek wil jou graag vertel dat as jy Jesus volg, jou lewe nooit weer dieselfde sal wees nie. Jesus Christus is die énigste Weg.

"Hy sal in ál jou behoeftes voorsien; vertrou Hom net en glo in Hom en maak Hom jou Beste Vriend en wees onvoorwaardelik lief vir Hom." •

English translation

Finding a new father

Naomi Chibwe remembers sliding into a dark place filled with anger and lies after her father died unexpectedly.

"I started questioning myself as to why such a thing should happen to me," says Naomi. Then one day she discovered a heavenly Father who would never leave her.

"My childhood was perfect," she tells. "I was living with both of my parents, who were Christians - things were going well."

Naomi liked to sing and, at a young age, started singing in the church choir. "I was starting to learn about the things of God," she says. "The first time I heard about God was from my mother. She was trying to teach me about the Word of God, who God is and how to become a child of God."

Then, one day, she received the news that her father had passed away. "I did not want to accept or believe that," she recalls. "God had taken away my father and I had no one else to call my father."

Naomi was angry about what had happened. "My life was worthless," she felt. "I was just living anyhow without knowing that there is a God above all things who watches over everything."

Then, in 2002, Naomi went to a church conference where she heard the Gospel [the Good News of Jesus saving us from our sins] in a clear and convicting way.

"I decided to become a Christian because of the love of Christ and what He did for me by dying on the Cross of Calvary for my sins. He set me free so I could become a new person in Christ." Naomi accepted Jesus as her Lord and Saviour and "He wiped away all of my sins and I became a Child of God."

She soon realised that, in the kingdom of God, "there are no such things as lies and anger." After giving over those things to the Lord, Naomi had "a peace of mind knowing that I have a Father who is above all. He takes full charge of my life and all has been going well because He answers all my prayers. Jesus Christ is my Father and my Best Friend.

"The best part about being a Christian is that everything we need is in the hands of God and He fulfils all His plans for us. He knows us by name. We were not born by accident, He has a plan for all of us."

To others who are searching for the truth, Naomi says: "I would like to tell you that if you follow Jesus, your life will never be the same. Jesus Christ is the only way. He will supply all your needs; just trust and believe in Him and make Him your Best Friend and love Him unconditionally." •

As u deur hierdie koerant geseën word, oorweeg dit asseblief om by hierdie bediening betrokke te raak deur:

a) Vertel ons wat hierdie koerant vir u beteken het.
b) Stuur vir ons u getuienis van verlossing. Stuur 'n epos na sachallengenews@gmail.com vir meer inligting.
c) Oorweeg dit asseblief om hierdie koerant te borg en te versprei om ander te bereik.

Stuur asseblief 'n e-pos na: sachallengenews@gmail.com of besoek www.challenge.news/donate/

Meer as 'n oorwinnaar

Priscilla Magamha (op die foto) onthou hoe sy as kind gedwing was om kerk by te woon saam met haar ouers in Chikomba, Zimbabwe, waar sy gebore is. Toe sy ouer word, het sy verkies om nie kerk toe te gaan nie.

"Ek was 'n kwaai en het nie mense vergewe nie," erken sy.

Toe sy in haar 20's was, het Priscilla by haar broer se huis gebly en hy het haar aangemoedig om saam na sy kerk te kom.

Sy het teësinnig ingestem.

"Aanvanklik het ek dit nie geniet nie," onthou sy. Toe het sy die liedjies wat daar gesing is, begin geniet.

"Later het ek alles in die kerk begin geniet. Ek het besluit om teen die jaar 2000 'n Christen te word. Ek het die sondaarsgebed te bid [soos die een op hierdie bladsy in die blokkie getiteld Hoe word ek 'n Christen] en my lewe aan Christus gegee."

Nou op 58, sê Priscilla: "Voordat ek 'n Christen was, het ek baie probleme gehad waaroor ek met niemand kon praat nie. Maar nou kan ek met dit met bespreek en die Bybel lees."

Sy vertel nou vir ander mense hulle kan nie verkeerd gaan deur hul geloof in Jesus te plaas nie.

Haar gunsteling Bybelverse kom uit Romeine 8: "Wie sal ons skei van die liefde van Christus? Verdrukking of benoudheid of vervolging of hongersnood of naaktheid of gevaar of swaard? ... Nee, in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het.

"Want ek is verseker dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomende dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie." •

'n Herstelde lewe

Lisa Liebenberg beskryf haar kinderjare in Pretoria as "normaal" en "gelukkig" – van buite af gesien.

"In werklikheid is ek emosioneel deur my ma en my broers geboelie," vertel sy aan Challenge News.

"My ma was baie manipulerend en het my altyd oor my liggaam gespot. Sy het my nooit laat eet nie. My broers het dieselfde gedoen en my ouer broer het my soms fisies mishandel."

Terwyl sy by albei haar ouers gewoon het, het haar pa vir haar gesê hy wil nie meer haar pa wees nie.

"Dit was vreemd om nie 'n pa te hê nie, maar hy het steeds in dieselfde huis gewoon," vertel Lisa.

"Toe ek hoërskool toe is, het dit nie gevoel asof ek daar hoort nie. Ek het myself begin uithonger. Ek het normaal begin voel en begin drink en dwelms gebruik sodat ouens sou dink ek is 'cool'. Ek het meer en meer aandag van ouens gekry en ek het van die een na die ander gespring."

Lisa skryf hierdie gedrag veral toe aan 'n traumatiese gebeurtenis wat, toe sy 'n tiener was, plaasgevind het.

"Ek is deur een van my beste vriende, toe ek 16 en hy 18 was, verkrag." Vertel sy.

"Ek het gevoel asof ek al die ouens moes terugkry vir wat net daardie een seun aan my gedoen het. Ek het toe probeer om soveel moontlik aandag van ouens te kry sodat ek hulle kon gebruik voordat hulle my gebruik, om hulle daardeur seer te maak."

Lisa se ouers het in God geglo en sy het die Evangelie [die goeie nuus dat Jesus aarde toe gekom het om vir ons sonde te sterf] baie keer oor die jare gehoor. Maar om te hoor en te glo is nie dieselfde ding nie.

Dit was vroeg verlede jaar dat Lisa werklik geluister en die evangelie begin verstaan het.

"Ek het na 'n Christelike 'gap year' by Target Life gegaan," verduidelik sy.

"Ek het stadig begin besef dat wat ek doen verkeerd was en wou 'n beter lewe lei."

Lisa het 'n vriendin gehad wat aanhoudend probeer het om met haar oor God te praat.

Sy het vir haar vriendin gesê sy is uiteindelik gereed en het haar lewe aan Jesus oorgegee.

"Die Here het my gehelp om van my alkohol- en dwelmverslawing verlos te raak. Ek het gedink ek sou sukkel en ek het God gevra om my te help, maar Hy het my nie net gehelp nie, Hy het dit heeltemal weggeneem."

Nou 19 jaar oud, erken Lisa dat dit soms 'n stryd kan wees om nie terug te keer na haar ou manier van lewe wanneer dinge verkeerd loop nie, maar sy sê die beste ding van 'n Christen te wees, is om altyd Iemand te hê om mee te praat, naamlik Jesus.

"God is nie net iemand wat op die wolke sit en jou dade oordeel en jou daarvoor sal straf nie, Hy is jou Vader wat jou van jou sondes vergewe en jou altyd sal liefhê, maak nie saak wat nie." •

Waaroor gaan Valentynsdag nou eintlik?

OP 14 FEBRUARIE elke jaar ruil miljoene mense rose, sjokolade en hartvormige kaartjies uit. Dit is 'n dag waarop die liefde in al sy vorme gevier word – romanties, vriendskaplik en familieverwant. Maar min weet dat Valentynsdag nie as 'n kommersiële dag begin het nie, maar wel as 'n verhaal van moed, deernis en geloof wat vandag nog tot die hart spreek.

Die oorsprong van Valentynsdag strek terug na die derde eeu in Rome. In daardie tyd het Keiser Claudius II die huwelik vir jong mans verbied, in die oortuiging dat ongetroude soldate beter geveg het as getroudes. Daar word gesê dat 'n Christelike priester met die naam Valentyn die keiser se bevel verontagsaam het en voortgegaan het om paartjies in die geheim te trou.

Toe sy dade ontdek is, is Valentyn gevange geneem. Die legende het dit dat hy bevriend geraak het met die blinde dogter van sy tronkbewaarder en vir haar gebid het. Sy het wonderbaarlik haar sig teruggekry.

Voor sy teregstelling op 14 Februarie, het hy vir haar 'n nota gestuur geteken "van jou Valentyn". Oor tyd het Christene sy geloof en opoffering begin eerbiedig.

Eeue later het Middeleeuse digters gehelp om Valentynsdag aan romantiese liefde te koppel, en teen die 18de eeu het handgeskrewe notas en geskenke aan geliefdes 'n algemene gebruik geword.

Vandag word Valentynsdag oor die hele wêreld gevier – soms met blomme en sjokolade, soms met dade van welwillendheid. In wese het hierdie gebruik begin met iemand wat geglo het dat hierdie liefde heilig, onselfsugtig en onvoorwaardelik is.

Daardie idee is steeds belangrik. Ware liefde – die soort wat langer as slegs gevoelens of geskenke duur, is gewortel in iets dieper as romanse. Die Bybel beskryf dit so: "Groter liefde het niemand as dit nie: dat hy sy lewe vir sy vriende aflê" (Johannes 15:13). Valentyn het sy lewe gewaag om daardie soort liefde te eer. Sy verhaal herinner ons daaraan dat liefde die sterkste is wanneer dit gee eerder as om te neem.

Indien jy Valentynsdag saam met 'n lewensmaat, familie of vriende vier, is dit ook 'n geleentheid om na te dink oor die ware bron van liefde. God self is liefde – nie net 'n gevoel nie, maar 'n persoon wat diep vir jou omgee. Jesus het daardie liefde getoon toe Hy Sy lewe gegee het sodat ons vergewe kan word en weer met God versoen kon word.

Jy hoef nie daardie liefde te verdien of jouself waardig daarvan te bewys nie. Dit word vryelik aangebied – die beste Valentynsboodskap wat nog ooit geskryf is.

As jy nog nooit daardie soort liefde ervaar het nie, kan jy vandag begin. Maak eenvoudig jou hart vir God oop en sê vir Hom jy wil Hom ken. Glo dat Jesus vir jou gesterf en opgestaan het en vra Hom om deel van jou lewe te wees. •

HOE WORD EK 'N CHRISTEN?

Enige iemand kan die ewige lewe wat deur Jesus Christus aangebied word, ontvang. Ons lees in God se Woord: "God het die wêreld so lief gehad dat Hy Sy enigste Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê." (Johannes 3:16)

ONS PROBLEEM: **Skeiding van God.** *"Almal het gesondig. Niemand is goed genoeg nie omdat God se standaarde volmaak is" (Romeine 3:23)* **Erken**

GOD SE OPLOSSING: **Jesus het aan die kruis gesterf.** *"God bewys Sy liefde vir ons hierin: terwyl ons nog sondaars was, het Christus vir ons gesterf" (Romeine 5:8))* **Glo**

ONS REAKSIE: **Vertrou op Jesus om Sy genade en vergifnis te ontvang.** *"Aan almal wat Hom ontvang het, aan dié wat in Sy Naam geglo het, het Hy die reg gegee om kinders van God te word" (Johannes 1:12)* **Bely**

Hier is 'n voorbeeld van hoe jy kan bid:

Liewe Vader in die Hemel. Ek kom nou na U omdat ek gered wil word. Vergewe asseblief my sondes. Ek glo dat U U Seun Jesus Christus gestuur het om vir my te sterf en dat U Hom uit die dood opgewek het. Ek vra nou dat Jesus Christus in my lewe inkom as my Verlosser en Here. Neem beheer van my lewe. Maak asseblief van my die persoon wat U my geskape het om te wees. In Jesus Christus se Naam. Amen.

Die Here Jesus sê: "Ek verseker julle, elkeen wat in My glo, het die ewige lewe" (Johannes 6:47). *Hy gee 'n lewe van 'n wonderlike gehalte wat vir ewig voortduur.*

Wat nou?

1. Vertel iemand van jou besluit - óf 'n Christen wat jy ken, of e-pos ons by info@challengenews.org.
2. Gebruik die hulpbronne in die groen blokkie op hierdie bladsy om 'n Bybel elektronies af te laai, en om toegang te kry tot meer inligting oor Christenskap..
3. Hou aan om te bid. Praat met God in enige plek, oor enige iets. Hy luister altyd. Jy het nie 'n formule nodig nie.
4. Kontak die bediening wat hierdie koerant versprei het (sien agterblad) en/of skakel in by 'n gemeente wat die Woord van God suiwer verkondig.

AS 'N VOLGENDE STAP:

Ek het die gebed [hierbo] gebid ☐

Stuur asseblief vir my:

☐ 'n Bybel
☐ Leesstof wat my sal help om met my verhouding met Jesus groei.
☐ Inligting oor 'n behulpsame kerk.

** Merk asseblief en skryf duidelik **

Naam _____ Telefoon nommer _____

Adres _____

Epos adres _____

Epos aan: ***sachallengenews@gmail.com***

Navrae buite Suid-Afrika word na iemand in hul eie land verwys.

"Jesus is die een wat ons duisternis in lig verander, ons leegheid in volheid en ons swakheid in krag. Hy is die hoop van die wêreld en Hy is ons hoop. In Hom vind ons die krag om 'n lewe te lei wat groter is as ons probleme en wonderliker as ons drome. Met Jesus is alles moontlik en is niks onmoontlik nie." – Dallas Willard

Wil jy meer weet?

Hier is 'n paar gratis, nuttige, Christelike aanlyn hulpbronne.

Aanlyn Bybel - **Olive Tree app**: Ons beveel aan dat jy met 'n maklik-om-te-lees-weergawe soos byvoorbeeld "Die Nuwe Lewende Vertaling" begin.

Stem - Bybel wat afgelaai kan word in die **Bible. is toepassing** of **Youversion Bible toepassing.**

Christelike radiostasies: **CBN radio toepassing, Radio Pulpit en Trans World Radio**

Christelike potgooi en preke **- Edifi toepassing**

Christelike films, reekse en kinderprogramme - **Good. toepassing**

Daaglikse gedagtes en inspirasie. **Our Daily Bread toepassing**

Advies oor spesifieke kwessies, Bybel leesplanne en studies vir nuwe gelowiges - **Youversion Bible toepassing**

Die Bybel verduidelik met visuele hulpmiddels - **Bible Project op YouTube.**

Alpha Film Reeks op YouTube - 'n Aanlyn bekendstelling aan Christenskap

Vir kinders - **Superbook Kids Bible, video's en speletjies toepassing.**

Jesus Film projek - 200+ videos in 2000+ tale - **jesusfilm.org/app youtube.com/@jesusfilm**

Christelike strokiesprente/ manga - goodandevilbook.com en Manga Messiah app

YMI - 'n Christelike nuusbron vir jong volwassenes met verskeie inhoud, oordenkings en bronne. **ymi.today**

NEED PRAYER ?

Het jy gebed nodig? Laat ons vir jou bid! Skakel ons op die tolvrye nommer: 0801 229 015. WhatsApp: 079 375 3345. Besoek: needprayer.co.za

Meer inspirerende geloof stories: Vorige uitgawes van Challenge News by challengenews.online

P	I	P	E	S	■	A	N	V	I	L	1	2	5	9	8	6	4	7	3
A	■	I	■	U	R	N	■	I	■	I	8	4	6	3	7	5	1	2	9
N	I	E	C	E	■	D	I	N	■	N	9	3	7	2	1	4	5	6	8
E	■	■	H	■	B	O	T	T	L	E	4	1	8	7	6	2	9	3	5
L	■	S	I	S	■	R	■	A	■	N	3	6	9	5	4	8	7	1	2
■	A	N	C	H	O	R	A	G	E	■	5	7	2	1	3	9	8	4	6
A	■	A	■	O	■	A	C	E	■	L	6	5	4	8	2	7	3	9	1
N	I	G	H	T	S	■	N	■	■	A	2	8	3	4	9	1	6	5	7
T	■	G	I	P	■	R	E	B	U	T	7	9	1	6	5	3	2	8	4
I	■	E	■	U	N	I	■	A	■	H									
C	A	D	E	T	■	B	A	T	H	E									

ONBREEKBARE GEES

Monty Williams is ‘n groot naam op die NBA-toneel.

Bekend vir sy tyd as die hoofafrigter van die Phoenix Suns, het die span die eerste twee wedstryde van die 2021 NBA-eindstryde gewen – ‘n eerste vir die span sedert 2003. ‘n Jaar later is Monty as Afrigter van die Jaar aangewys vir sy werk met die Phoenix Suns.

As ‘n voormalige NBA-speler, het Monty as ‘n voorspeler gespeel vir spanne soos die New York Knicks, San Antonio Spurs, Denver Nuggets en Orlando Magic.

Hy is egter in 2003 gedwing om, as gevolg van chroniese knieprobleme uit te tree.

Afgesien van sy lof as ‘n NBA-afrigter, was Monty ook vir sy geloof en deursettingsvermoë, bekend.

In 2016 het ‘n tragedie die Williams-familie getref toe Monty se vrou, Ingrid, in ‘n kop-aan-kop-botsing gesterf het.

Drie van hul vyf kinders was in die motor tydens die ongeluk, maar hulle het oorleef.

Ingrid het op ‘n vierbaanpad gery toe ‘n sedan van die teenoorgestelde rigting, wat meer as twee keer die spoedgrens gery het, in hulle vasgery het.

Die polisie sou later ‘n aansienlike hoeveelheid metamfetamien in die bestuurder se liggaam vind, wat vermoedelik ook nog haar hond op haar skoot vasgehou het terwyl sy bestuur het.

Beide die hond en die bestuurder het op die toneel gesterf.

By Ingrid se begrafnis het almal verwag dat Monty sou rou oor Ingrid se wonderlike persoonlikheid en hart vir mense – en hy het.

Monty het egter ‘n huldeblyk, wat die skare stilgemaak het, gelewer.

“Almal bid vir my en my gesin, wat reg is. Laat ons nie vergeet dat daar twee mense in hierdie situasie was nie. Daardie familie het ook gebed nodig. Ons het geen kwade gevoellens teenoor daardie familie nie,” het hy gesê.

“In my huis het ons ‘n slagspreuk wat sê, ‘Wat my en my huis betref, ons sal die Here dien’ [Josua 24:15]. Ons kan die Here nie dien as ons nie ‘n hart van vergifnis het nie.”

Detroit Pistons-hoofafrigter Monty Williams kyk toe tydens ‘n wedstryd teen die Sacramento Kings in Februarie 2024 in Sacramento, Kalifornië. Kopiereg 2024 NBAE (Foto deur Rocky Widner/NBAE via Getty Images)

Hoofafrigter Monty Williams gesels met Killian Hayes terwyl hy teen die Toronto Raptors in Little Caesars Arena op 30 Desember 2023 in Detroit, Michigan, speel. (Foto deur Gregory Shamus/Getty Images)

Ten spyte van die swaarkry oor die geweldige verlies aan die hand van ‘n ander, het Monty besluit om te vergewe.

Dit is agt jaar later en Monty het steeds ‘n hart van vergifnis.

“Ek het besef dat die dame wat daardie motor bestuur het, waarskynlik deur baie in haar lewe moes gegaan het om deel te wees van so ‘n daad,” het hy op die Sports Spectrum-podcast gedeel.

“Ek het God se liefde waarskynlik nou meer as in enige ander tyd in my lewe, verstaan.”

Monty het grootgeword in ‘n rowwe buurt in Oxon Hill, net buite DC.

Dit was ‘n buurt waar “jy óf kon dwelms verkoop óf niks kon hê nie,” het hy aan Sports Illustrated gesê.

Hy is deur sy enkelma in ‘n Christelike huishouding grootgemaak.

Sy grootouers aan sy pa se kant was Christelike sendelinge en sy oupa aan moederskant was ‘n pastoor, wat volgens hom “‘n groot impak op hom gehad het.”

Op 10-jarige ouderdom het Monty ‘n gebed om sy lewe aan Jesus te gee, gebid.

“Ek het egter nie my geloof ernstig opgeneem nie totdat ek 18 jaar oud geword het. Die dokters het vir my gesê het dat ek ‘n hartkwaal het. Ek sou waarskynlik sterf as ek aangehou het om basketbal te speel,” het hy aan Andscape gesê.

Soos hy ouer geword het, het hy geleer om soos ‘n Christen op te tree, maar as hy nou terugkyk, erken hy dat dit meestal maar toneelspel was.

Hy sou vloek wanneer die volwassenes nie by was nie en sy gebede het hoofsaaklik gegaan om ryk te word en vinnige motors te hê.

Toe in 1989 ontmoet hy Ingrid by Notre Dame. Monty gee vir Ingrid die krediet vir die aanmoediging om sy geloof in God ernstig op te neem.

Hy het gekyk hoe Ingrid die liefde van Jesus weerspieël deurdat sy vir twee ure elke week vrywillig gehelp het om ‘n bejaarde vrou met Alzheimer siekte te bad en met haar te gesels.

Dit het ingedruis teen wat Monty geleer is om te doen, naamlik om liefdadigheidswerk te verrig met die doel om sy eie publieke beeld te versterk.

“Ingrid se werk was so liefdevol en opreg.”

Deur te kyk hoe Ingrid haar geloof uitleef, het Monty uiteindelik sy lewe weer aan Jesus oorgegee en sy geloof ernstig begin opneem.

Uitdagings sou egter gou kom om sy geloof te toets.

Op 18 jarige ouderdom is Monty aangesê dat hy moes ophou basketbal speel, of hy sou sterf as gevolg van sy hartkwaal.

Dit was soos ‘n doodsvonnis vir hom.

“My loopbaan was op 18 verby.”

Toe hy die nuus met Ingrid deel, het sy vir hom gesê: “Liefie, Jesus kan jou hart genees.”

‘n Afrigter het Monty vertel van ‘n riskante eksperimentele behandeling wat, as dit sou misluk, sy hart vir altyd kon stop.

Dit was ‘n kans wat hy sou waag, as dit sou beteken het dat hy weer kon basketbal speel.

Ure na die behandeling het hy wakker geword. Nie net dit nie, maar hy kon weer basketbal speel.

Vir Monty was dit ‘n Godgegewe wonderwerk.

Hy verwys na hierdie voorval in sy huldeblyk by Ingrid se begrafnis: “My lewe is ‘n bewys dat God hierdie verlies ten goede laat meewerk het. Dit is moeilik vir my gesin, maar dit sal uitwerk.”

Gedurende sy speeldae: Orlando Magic-voorspeler Monty Williams word deur Minnesota Timberwolves-voorspeler Malik Sealy tydens die tweede kwart van ‘n wedstryd by die Arena in Orlando in Desember 1999 gefoul. (Foto deur TONY RANZE/ AFP via Getty Images)

Agt jaar later het Monty erken dat vergifnis nie maklik gekom het nie.

“Die werklikheid is toe dit eers gebeur het, het ek regtig nie omgegee nie. Ek wou net my vrou terug hê en ek wou my lewe terug hê.

“Soos tyd verbygegaan het, het ek verstaan hoe God alle dinge ten goede laat meewerk vir hulle wat God liefhet en wat geroep is volgens Sy voorneme [Romeine 8:28].

“Sy is nou op die beste plek moontlik en eendag sal ek haar tog weer sien. Dit gee my en my gesin baie hoop.” •

VERSPREI DEUR:

Published by Challenge Literature Fellowship in partnership with Multi-Ministries.
Challenge Good Newspaper (South Africa). sachallengenews@gmail.com 082 893 9556 January 2026